

DIE SKIETLOOD

Kerk en struktuur

Is dit moontlik om kerk te wees sonder om deel van 'n groter struktuur te wees? Is dit moontlik om volledig kerk te wees los van sinodale bande? Kan 'n gemeente werklik na hulself wys as "Ekklesia Completa"? Die KommAKV beredeneer in die hofstukke wat hulle ingedien het oor die struktuur van die kerk dat gemeentes deel van hierdie struktuur is en daarom net in aangeleide sin kerk is. Verder beweer hulle dat dit nie moontlik is om kerk/gemeente te wees sonder eiendom nie. Dit is nie moontlik om binne die bestek van 'n kort ondersoekende artikel alle sake rondom kerkwees te noem nie, wat nog te praat van in diepte beredeneer. Die verband tussen gemeente, struktuur en kerk kan tog vlugtig ondersoek word. Die Skietlood wil nie net in debat met die NHKA tree oor hierdie saak nie, maar ook kyk na die Onafhanklike gemeentes/kerke en hulle bestaans-aard. In debat met die NHKA kan ons by die NHKA se Kerkorde gaan aanklop.

Ordereël 1 stel: Die kerk is 'n gemeenskap van gelowiges wat God deur Sy versoening in Christus tot stand bring en in stand hou deurdat Hy mense in Jesus Christus in genade uitkies en deur die werk van die Heilige Gees saambring om deur die Woord en die sakramente 'n heilige volk te wees en dienswerk in die wêreld te verrig.

Ordereël 4 stel: 'n Gemeente is 'n gemeenskap van gelowiges wat selfstandig georganiseer is en deur die eenheid in geloof en belydenis saam met alle ander gemeentes die Kerk is. 'n Gemeente is die wyse waarop die Kerk op 'n bepaalde plek bestaan.

Uit hierdie aanhalings is dit ten minste duidelik dat die beginselstandpunt in lyn

SKIETLOOD: 13e Uitgawe 19 April 2013
saam met Koersvas 13

met die Bybel is. God roep mense (kies mense vgl. Dordtse leerreëls). God versamel Sy uitverkorenes deur genade saam tot 'n heilige volk wat onder geklank van die evangelie en met gebruik van die sakramente in verhouding met God bestaan en lewe, en daarom ook diensbaar vir God is in die wêreld. Hierdie verhoudingsbestaan gee gestalte aan die totstandkoming van 'n gemeente (gelowiges op 'n bepaalde plek versamel fisies om saam met ander gelowiges om die Here te dien). Die bewoording in Ordereël 4 kan verwarring veroorsaak. Aan die een kant kan die verwysing na gemeentes wat selfstandig georganiseer is en "saam met alle ander gemeentes die Kerk" is, beteken dat gemeentes afsonderlik nie kerk is nie, maar net in die "saam" kerk kan wees. Die tweede deel van die Ordereël moet ook in ag geneem word. 'n Gemeente is die wyse waarop die Kerk op 'n bepaalde plek bestaan. Hieruit is dit duidelik dat die gemeente die plaaslike Kerk is. Ordereël 4 moet met ander woorde interpreteer word om te stel dat gemeentes afsonderlik en gesamentlik kerk is met die belydenis as die band van eenheid tussen die plaaslike verskyningsvorme van die kerk. **Die kenmerke van die kerk moet nie gesoek word in strukture en organisasies nie, maar in geloof en vertroue. Elke plaaslike gemeente kan daarom verstaan word as "kerk".**

Word hierdie stelling elders ondersteun? Kom ons begin by die woord wat in die Grieks die meeste gebruik word en daarom ook neerslag gevind het in onder andere die akademiese term "Ekklesiologie" – leer oor die Kerk.



{ ekklesia - *ek-klay-see'-ah* From a compound of G1537 and a derivative of G2564; a *calling out*, that is, (concretely) a popular *meeting*, especially a religious *congregation* (Jewish *synagogue*, or Christian community of members on earth or saints in heaven or both): - assembly, church (Strong se Lexicon)}.

Dit beteken dat die woord 'n samestelling is wat verband hou met **uitgeroep word** en word gebruik om te verwys na byeenkoms, gemeente of kerk. Ons kan met 'n mate van redelikheid aanvaar dat die terme nou verwant aan mekaar verstaan kan word. Dit is opvallend dat die meerderheid Engelse vertalings kies vir die woord "church", met minder vertalings wat kies vir "assembly" maar geen vertaling die woord met "congregation" vertaal nie.

Die Hebreeuse NT vertaling gebruik die OT konsep van {qahal - *kaw-hal'* A primitive root; to *convvoke*: - assemble (selves) (together), gather (selves) (together).}

Hierdie woord hou verband met die volk Israel se samekomste. Dit blyk dat die Germaanse vertalings voorkeur gegee het aan die term gemeente (Duits, Nederlands, Afrikaans); alhoewel die Duitse term na gemeenskap of selfs gemeenskaplik kan verwys.

Teen hierdie agtergrond kan ons met 'n redelike mate van sekerheid stel dat die terme "kerk" en "gemeente" as sterk verwante wisselterme verstaan moet word. Om te praat van kerk, is om te verwys na gemeente, en om die gemeente te kritiseer, is om die kerk te kritiseer.

"Kerk" is ten diepste geestelik van aard, volgens 'n dogmatikus soos van Niftrik. Die kerk is daardie plek waar jy tot geloof kom in Jesus Christus omdat die kerk Jesus Christus se opdrag gehoorsaam. Dit is by en deur die kerk wat jy God leer ken, God self het die kerk in aansyn

geroep as die instrument om die evangelie uit te dra. Die plaaslike geestelike gemeenskap (gemeente/kerk) is deur God byeengeroep. Gemeentes as die plaaslike verskyningsvorm van die kerk, moet in gehoorsaamheid die opdragte tot uitvoer bring. Daar waar hulle as kerk tekort skiet is hulle nie minder kerk nie. God is die sameroeper, nie die mense nie. Die geestelike verbintenis met God en 'n lewe van gehoorsaamheid is elke gelowige en elke kerk se opdrag.

Daar is baie meer Selfstandige Reformatoriese kerke/gemeentes as die 13 wat hulself onafhanklik van die KommAKV se leiding verklaar het. Elkeen is kerk in eie reg, nie oor iets wat hulle is of doen nie, maar omdat God kerk in aansyn roep. Daar is 'n geestelike eenheid van geloof, 'n gedeelde waarheid wat gevind kan word agter die sondige versplintering wat daar in hierdie wêreld is.

Strukturele deelname en eenheid is geen waarborg van kerkwees nie! Strukture kan wel diens vergemaklik, kan wel sekere verantwoordelikhede gedeelde verantwoordelikheid maak. Strukture is soms aan die ander kant verantwoordelik vir die verdwyning van plaaslike gemeentes huis omdat sekères die groter struktuur wil handhaaf. Die koste van die struktuur handhaaf kan die plaaslike gemeentes in 'n oorlewingsstryd dompel. Strukturendeelname kan gelowiges laat dink "kerk is in Pretoria" en daarom nijs doen nie en so hul persoonlike taak en roeping versaak.

Kerk bly egter die plaaslike verskyningsvorm en elke gemeente sal moet antwoord: Dien julle die Here? Verkondig julle (sending en evangelisasie) plaaslik die evangelie? Hou julle vas aan die leer van die Apostels?

